Uitgawe 1 van 2008

Kompas

Motornywerheid Pensioenfonds

Jou betroubare rigting aanwyser na ware finansiële vryheid

Indeks:

1. Welkom by Kompas page 1
2. Beleggingsnuus page 1
3. Rol spelers betrokke by u fonds
4. Verduideliking van gades se pensioen page 2 page 3
5. Veranderings aan die Pensioenfonds Wet page 3
6. Betaaldatums vir pensioene page 4
7. Het u geweet? page 4



Welkom by kompas

As u al ooit op 'n afgeleë plek verdwaal het, sal u die nut van 'n kompas verstaan. Anders as moderne tegnologie wat u in die mees desperate omstandighede in die steek kan laat, bly 'n kompas 'n betroubare en tydlose uitvinding. Dit benodig geen batterye nie en hoef nie herlaai te word nie en het boonop nie 'n sagteware-opgradering nodig nie. Boonop kan dit nooit, ooit 'n sein verloor nie. Waarlik ongelooflik!

Ons sal met elke uitgawe van 'Kompas' vir u relevante en betroubare inligting verskaf wat u sal help om finansiële onafhanklikheid dwarsdeur u aftreejare te behou. 'Kompas' sal waardevolle inligting aanbied aangaande u pensioen.

U Raad van Trustees verstaan die belangrikheid van gereelde kommunikasie met afgetrede lede en ons hoop dat u hierdie publikasie interessant en insiggewend sal vind.
U Trustees werk onvermoeid om te verseker dat u gereelde pensioenverhogings ontvang, desnieteenstaande moeilike finansiële omstandighede.

Beleggingsnuus

Na verlede jaar se goeie opbrengste op beleggings, hoofsaaklik te danke aan verhogings in die prys van aandele en eiendomme, moet beleggers nou 'n teenoorgestelde situasie hanteer – 'n vermindering in beleggingswaardes. Die redes vir die swakker beleggingsprestasies hierdie jaar is die wêreldwye ekonomiese onsekerheid as gevolg van die intuimeling van 'n aantal internasionale markte en die daaropvolgende vermindering in die waarde van aandele dwarsoor die wêreld. Ons Aandelemark het oor die afgelope paar maande beduidende verliese gely. Die reaksie van ons aandelemark was te verwagte, aangesien beleggers oor die algemeen hul vertroue in die mark verloor het en baie buitelandse beleggers hul aandele in ons markte verkoop het. Wanneer daar meer verkopers as kopers is, is die tendens dat die pryse van aandele skerp daal. Indien 'n mens die geskiedenis van die Johannesburg se Aandelemark in ag neem (wat oor amper die hele 20ste eeu strek) kan ons verwag dat die mark met die verloop van tyd sal herstel, wat beteken dat u Fonds enige verliese wat dit tydens die huidige internasionale finansiële krisis gely het, sal herwin.

U Fonds is 'n geslote Pensioenfonds met geen bydraende lede nie. Die Fonds het dus geen nuwe geld wat invloei (deur middel van nuwe bydraes) nie. Die Fonds volg 'n konserwatiewe beleggingstrategie en die hoofdoel is om die huidige pensioenwaardes te handhaaf en waar moontlik, om pensioengeld te vermeerder. Die Fonds se rekord spreek vanself.

As gevolg van die huidige ekonomiese onsekerheid, het u Trustees op die advies van die Fonds se Aktuaris, besluit om nie enige pensioenverhogings met effek van 1 Desember 2008 toe te staan nie. Die Trustees sal die beleggingsmarkte monitor en indien die markte voldoende herstel, sal hierdie besluit heroorweeg word in medewerking met die Fonds se Aktuaris.

Die Trustees het egter besluit om n' spesiale eenmalige bonus van R1000-00 aan alle pensioentrekkers toe te staan. Hierdie eenmalige bonus sal saam met die maandelikse pensioen aan alle pensioentrekkers in Desember 2008 betaal word.

Goeie wense vir die Feesseisoen

Die Trustees en bestuur van die Fonds hoop dat u en u geliefdes 'n vreedsame vakansieseisoen sal beleef. Geniet u welverdiende verposing, of u met vakansie weggaan of 'n rustige tyd tuis met familie en vriende deurbring. Mag 2009 groot voorspoed en goeie gesondheid vir almal inhou.

Rol spelers betrokke by u fonds

Aftreefondse word gereguleer deur die Pensioenfonds Wet. Hoewel nywerheidsfondse soos u Fonds tot onlangs vrygestel was van die vereiste om aan die Pensioenfonds Wet te voldoen, het u Fonds oor vele dekades vrywillig aan die bepalinge van die Wet voldoen.

Elke fonds het 'n Bestuursraad (Trustees) om die fonds te bestuur. Trustees beklee vertrouensposisies, wat beteken dat die Trustees hulle gesag tot die voordeel van die aftreefonds moet gebruik en op so 'n wyse dat hulle altyd in die beste belang van die fonds en sy lede optree.

Die doelwitte van die Raad van Trustees is om die fonds ingevolge voorgeskrewe regulasies en reëls van die Fonds te bestuur en daaroor toesig te hou.

- Met die nodige omsigtigheid, ywer en in goeder trou optree
- Belangebotsing vermy
- Onpartydig teenoor alle lede en begunstigdes optree.

Omsendbrief PF 130, uitgereik deur die Finansiële Dienste Raad (FDR), brei verder uit oor die pligte van Trustees en hoe hulle ingevolge die beginsels van goeie bestuur behoort op te tree. Die Raad van Trustees het homself verbind tot die beginsels van PF130 en is in die proses om aan die verskeie vereistes van die omsendbrief voldoen.

Om te verseker dat die Trustees daartoe in staat is om al hulle pligte na te kom, het hulle verskeie professionele diensverskaffers aangestel soos beleggingsbestuurders, 'n aktuaris en ouditeurs. Die rolle van die diensverskaffers word hiermee kortliks bespreek:

Administrateur

Die administrasie van die Fonds word deur "MIFA" (Motornywerheidsfonds Administreerders) behartig en die Trustees hou toesig oor hulle aktiwiteite. MIFA is in 1952 daargestel en is 'n geregistreerde administrateur in terme van die Pensioenfonds Wet en administreer tans aftreefonds vir ongeveer 210 000 lede wat in die motornywerheid werk.

Ouditeur

Die Fonds stel 'n eksterne ouditeur aan om ouditering te doen en om jaarliks verslag te doen oor die finansiële state. Die Fonds se ouditeurs is Deloitte & Touche.
Die Fonds stel ook 'n interne ouditeur aan om op 'n gereelde basis die boeke na te sien en verslag te doen oor die

administratiewe kontroles. Die Fonds se interne ouditeure is KPMG. Alle ouditverslae oor die afgelope jaar het weereens die uitstekende vlakke van administrasie van u Fonds bevestig.

Aktuaris

Die Fonds stel 'n aktuaris aan om die finansiële lewensvatbaarheid van die Fonds te evalueer en daaroor verslag te doen. Die aktuaris is aanspreeklik aan die Trustees en die Finansiële Dienste Raad vir die betroubaarheid van die resultate van die evaluering. Die Fonds se aktuaris is "Alexander Forbes Consultants & Actuaries".

Die aktuaris het gesertifiseer dat u Fonds finansieel gesond is.

Beleggingsbestuurders

Die Fonds stel die beste plaaslike en internasionale batebestuurders aan om die geld namens die lede te belê. Die Fonds het 'n Beleggingskomitee wat die beleggingsprestasie maandeliks monitor om die beste opbrengs vir pensioentrekkers teen aanvaarbare risikovlakke te verseker.

'n Professionele beleggingskonsultant staan die Beleggingskomitee by met hierdie take.

Verduideliking van gades se pensioen

Die lid se pensioen is vir die eerste 10 jaar na aftrede gewaarborg. In die geval van die lid se afsterwe binne die eerste 10 jaar, is die pensioen steeds betaalbaar teen die volle waarde vir die oorblywende tyd todat die 10-jaar verstreke is. Daarna ontvang die gade 'n pensioen teen 50% van die oorspronklike pensioenbedrag.

Veranderings aan die Pensioenfonds Wet

U het moontlik die gerugte gehoor aangaande die Regering se aftreefonds-hervormingsproses en die artikels dalk in vele koerante deur die jaar gelees. Heelwat van die inligting wat in die artikels gedek is, is nie akkuraat nie. As 'n pensioentrekker, sal hierdie veranderings nie u pensioenvoordele beïnvloed nie. Die inligting wat hier gepubliseer word, is slegs ter inligting.

Die hoofdoel van die proses van die hervorming van aftreefondse is om 'n "National Savings Fund" (NSF) bekend te stel. Daar word ook daarna verwys as die "National Social Security Fund". As deel van die proses word daar ook gekyk na 'n algehele hersiening van die Inkomstebelastingwet met betrekking tot aftreefondsvoorsiening. 'n Inter-ministeriële taakspan is onlangs aangestel om aan die stuur van die proses te staan. Die publiek en instansies is uitgenooi om kommentaar te lewer.

Baie min Suid-Afrikaners het tans enige soort van voorsiening vir aftrede en is van die Staat afhanklik vir 'n Staatsouderdomspensioen. Dit vind dus plaas op die belastingbetaler se onkoste. Daar word tot dusver voorgestel dat die NSF almal wat in diens is sal insluit, asook die terrein van die klein en medium besighede, kontrakwerkers, huiswerkers, informele arbeid, seisoenwerkers, ensovoorts.

Enige invloed op bestaande aftreefondse sal eers bekend wees wanneer die finale wetgewing geskryf is.

Indien en wanneer verdere gebeure plaasvind, sal ons u deur middel van hierdie nuusbriewe op hoogte hou.

Die Fonds stel 'n eksterne ouditeur aan om ouditering te doen en om jaarliks verslag te doen oor die finansiële state

Betaaldatums vir pensioene

Die volgende betaaldatums is vasgestel vir die betaling van u pensioen in 2009.

JANUARIE	2009	22
FEBRUARIE	2009	24
MAART	2009	24
APRIL	2009	24
MEI	2009	25
JUNIE	2009	25
JULIE	2009	23
AUGUSTUS	2009	25
SEPTEMBER	2009	25
OKTOBER	2009	23
NOVEMBER	2009	24
DESEMBER	2009	11

Het u geweet?

- Die Motornywerheid Pensioenfonds het 8 100 afgetrede lede met bates van meer as R4,3 miljard. Die Fond word jaarliks gewaardeer en is finansieel gesond en in staat om sy verpligtinge na te kom soos deur die aktuaris bepaal.
- Bykans R16 miljoen word maandeliks aan die fonds se pensioentrekkers uitbetaal.
- Die Motornywerheid Pensioenfonds kry dikwels navrae van pensioentrekkers aangaande hul mediese fonds se voordele en aftrekkings. Aangesien die mediese fonds, Moto Health Care, afsonderlik van die Pensioenfonds geadministreer word, kan ons u nie van hulp wees met mediesefondsnavrae nie. Die Pensioenfonds is slegs betrokke by die aftrekking van maandelikse bydraes tot die mediese fonds vanaf u maandelikse pensioen, en die oorbetaling daarvan aan u mediese fonds. Die Fonds is dus nie daartoe in staat om vrae aangaande u mediese voordele en maandelikse bydraes te beantwoord nie.